Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

WB 4 SEPT 2009

Die derde kwartaal se assessering (eksamen) begin op Donderdag, 10 September en duur tot 23 September. Roosters is reeds aan die leerders gegee.
Sterkte aan al ons leerders met julle voorbereiding.

HUISEIENAARS
Wil u gaag u huis verkoop of stel u belang om 'n ander huis te koop? Ondersteun ons atletiekborge: Kontak Duvenhage en Briedenhann by **051 – 4463913.**

NUUS UIT DIE KOEIKAMP
Bella is 'n bielie van 'n boklam.....sjoe, nou het ek my storie darem heeltemal verkeerd. Wat het 'n boklam met 'n koei te doen – seker niks!!!!!!!
Die "No news" (van verlede week) begin nou 'n effense hongerige ge-mooooo in die koeikamp veroorsaak. Ou Melkskommel lyk al hoe meer of sy in die droogte aangekom het. Dit gaan nie goed met haar nie.
Nou wonder ons maar net – daar is nie dalk iemand wat iets aan haar saligheid kan doen nie?
Een manier van hulp sal wees om 'n "Dropdag kaartjie" teen R10,00 by 'n leerder of die skool te koop. Indien Melkskommel op 16 Oktober, op u kleim die "dropding" doen, wen u die eerste prys van R3000,00.

Hiermee wil ons ook net baie dankie sê vir al die kaartjies wat reeds deur ons leerders verkoop is en deur u gekoop is. Ons waardeer dit opreg.

KRIEKET
Baie geluk aan Thiardt Ingram wat vir die Suid-Vrystaat se A span gekies is. Hulle speel die naweek teen Goudveld op die Universiteit se veld.
Thiardt is ook aangewys as die openingsbouler wat voorwaar 'n groot prestasie is. Ons is trots op jou.
Ons wens Thiardt en die span sterkte toe vir die naweek se wedstryd.

NOODBERIG
'n Opregte dank aan elkeen wat gereageer het op die "Brood noodberig". Enige bydraes soos brood, smeer en aanmaakkoeldrank is steeds baie welkom. Enige skryfbehoeftes, papier, ou en speelgoed wat by die middag-studie gebruik kan word, sal ook baie welkom wees.
Op Dinsdae tydens die JFFJ periode gaan ons leerders 'n "blikkie toring" bou. Enige nie-bederfbare kos sal baie welkom wees. Dit gaan groot pret wees. Hierdie is 'n vrywillige projek.
NAVRAE: Hendriëtte – 0836427973

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms